



Die Avonture van Lucky

Lucky

en die

Draak se Feesmaal

Boek 1



deur Errol Evermere

Skrywer: Errol Evermere

Afrikaanse vertaling en taalversorging: Mike Grobler

Omslagontwerp: MyNovel

Teks geset in: Comic Sans MS, 12 punt

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2026 Errol Evermere

Publikasieverwysing: MN-BK-00013-EB

Eerste Afrikaanse uitgawe: 2026

Oorspronklik in Engels gepubliseer as *Lucky and the Dragon's Feast* deur Errol Evermere.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder vooraf skriftelike toestemming van die kopiereghouer gereproduseer, in 'n herwinningstelsel gestoor of in enige vorm of op enige wyse oorgedra word nie, hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, opname of andersins, behalwe waar die wet dit toelaat.

Uitgegee deur
MyNovel Publishers





In 'n pragtige koninkryk vol kastele, woude en berge het 'n seun
met die naam Luke gewoon.

Maar niemand het hom Luke genoem nie. Almal het hom Lucky
genoem!



Lucky was mal oor avonture.

Saam met sy hondjie, Rusty, het hy deur die woude gedrentel,
heuvels uitgeklim en plekke ontdek waar ander mense nie sommer
sou waag om te gaan nie.

En hy was altyd gereed om iemand in die moeilikheid te help.



Een oggend het 'n koninklike boodskapper op sy perd Lucky se
dorpie binnegejaag.

"Op bevel van Haar Majesteit, die Keiserin!" het hy uitgeroep.

"Die koninkryk het 'n dapper avonturier nodig!"



Lucky het hom na die koninklike kasteel gehaas, met Rusty wat
langs hom gehardloop het.

Die Keiserin het op haar goue troon gewag.

"Lucky," het sy gesê, "ons het 'n verskriklike probleem!"



"Daar woon 'n groot draak in die berge. Elke nag kom hy af en val
ons skape aan!"

"Hy maak baie meer dood as wat hy eet. Binnekort sal ons boere
geen skape oorhê nie!"



Die Keiserin het vorentoe geleun.
"Ridders het hom al probeer keer, maar hulle het almal
weggehardloop!"
"Sal jy ons help, Lucky?"
Lucky het geknik. "Ek sal my bes doen, U Majesteit!"



Vroeg die volgende oggend het Lucky sy rugsak gepak.
Hy het brood, kaas, 'n bottel water en 'n warm kombers
saamgeneem.

"Kom, Rusty!" het hy geroep. "Ons moet 'n draak gaan soek!"

Die avontuur begin nou eers ...

Sal Lucky en Rusty die draak kan vind?
En wat sal gebeur wanneer hulle hom ontmoet?

Lees verder in die volledige boek!

PURCHASE THE FULL BOOK

Die Avonture van Lucky - Boek 1
Errol Evermere | MyNovel Publishers